KOMMUNIKAMMA 31 JANUARIE 2021

Kontakpersone, indien u meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:
U blokouderling of -diaken
Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Dr Deon Els: 072 276 7555; els_deon@yahoo.com
Ds MG van Rooyen: 041-3600665; 083 413 7100; mgvanrooyen@telkomsa.net

TEKS vir die WEEK
Romeine 12 : 8
"As jy die gawe het om ander mense te vermaan en te vertroos, doen dit. As jou hemelse gawe is om jou besittings met ander te deel, moet dan nie suinig wees nie. As dit God se geskenk aan jou is dat jy een van die leiers in die kerk moet wees, doen dit met toewyding. En as jy oor die gawe beskik om mense te help wat in nood verkeer, doen dit met blydskap."

SAKE vir GEBED:

- Ons dank ons Here dat ons weer met mekaar kan kommunikeer, vir gespaarde lewens, vir mense wat ernstig siek was en vandag gesond is. Ons loof Hom vir Sy groot genade aan ons.
- Terselfdertyd wil ons, ons diepe meegevoel betuig aan elkeen wat geliefdes in hierdie tyd moes afstaan.
- Ons bid vir ons mediese personeel landwyd wat nog steeds vasstaan in hul liefde en toewyding aan die groot taak wat hul doen. Ons vra die Here om hulle emosioneel te versterk en die moed te gee om elke dag hul liefdeswerk tot Sy eer te kan voltooi.
- Dink veral ook aan al die mense wat slagoffers van die sikloon Eloise was.
- Bid vir die droogte in dele van ons land. PE se opvangsgebiede en gebiede naby PE, bv.Paterson gaan steeds gebuk onder 'n knellende droogte. Bid dat God asseblief genadig sal wees en ook daar reën en uitkoms sal stuur.
- Dink in besonder aan al die geestelik leiers wat emosioneel swaar kry met al die hartseer, nood en lyding in hierdie moeilike tyd.
- Ons dink in besonder aan oom Jan Schnetler wat in die hospitaal is. Bid ook vir sy vrou Joey en familie.
- Bid vir al die onderwysers wat more teruggaan skool toe.

Dr Deon Els: Beroep
Deon het die beroep na Helderberg gemeente in Somerset-Wes aanvaar. Hy beging daar op 1 April 2021. Bid dat die Here vir hulle as gesin en vir ons as gemeente in hierdie nuwe hoofstuk van ons lewens sal lei en seen. Die kerkraad vergader eerskomende Woensdag om te besin oor die pad vorentoe.

There4-bedieninge se gebedsversoek vir die week:
Bid saam vir die beskerming van die klein persentasie gelowiges in **Afghanistan**. Bid dat God "siende oë blind sal maak" sodat geen geheime gelowiges ontdek sal word nie.

EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU
Onder die regulasies van vlak 3 mag daar geen Godsdienstige byeenkomste, behalwe begrafnisse, gehou word nie. Eredienste word beskikbaar gestel op Kraggakamma gemeente se webblad, facebookblad en YouTube kanaal. Maak asb. seker jy "SUBSCRIBE" sodat jy niks sal mis nie. Inligting en skakels na boodskappe word ook op die webblad beskikbaar gestel.
Die bidure by die aftreeoorde mag ook nie plaasvind nie.

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Sondag 31 Januarie

EREDIENS

Die skakel vir die erediens word Saterdae per Whatsapp uitgestuur word.
Die huisgeloof, 'n gesprek riglyn rondom die tema van die erediens, is op die gemeente se webwerf beskikbaar.

Maandag 1 Februarie

12: 45 GEMEENTEBIDUUR

Ons hou Maandae 'n gebedsgeleentheid in die konsistorie, maar tans via Zoom. Almal is welkom. Indien jy wil saam bid of 'n gebedsversoek het, kontak met Niekie.

Dinsdag 2 Februarie

Voedselhulp aan PE-Noord

Dankie aan almal wat die voedselhulp projek in 2020 ondersteun het. Ons doen 'n beroep op lidmate om steeds hierdie projek te ondersteun indien dit vir jou moontlik is. Ons help weekliks ongeveer 30 gesinne met kospakkies en ander benodighede.
Skenkings kan hierdie week op Dinsdag by Piet en Sonja Spies (Cassiarylaan 82) afgelaai word. U kan meer inligting op ons webblad kry. Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord. Vir meer inligting, kontak Sonja Spies by 084 516 4925.

Woensdag 3 Februarie

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop wees. Maak 'n afspraak by Niekie indien jy kerkkantoor toe wil kom. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie**. Volg asb die regulasies.
19:00 Kerkraadsvergadering

Vrydag 5 Februarie

05:30 MANNEGROEP

Die mannegroepbyeenkoms word tans op Zoom gedoen. Indien jy wil deel word, kontak vir ds. MG vir meer besonderhede.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

31 Januarie	Anri Bosch en Janre Viljoen
1 Februarie	Itersia Fourie, Ruan Gerber, Leana Mare en Jean van Heerden
2 Februarie	Christelle Blom, Barry Jacobs, Desmond Ross, Janke van Loggerenberg, Johan van Rensburg en Vicky Weitz
3 Februarie	Piet Bosch, Cisca van der Walt, Johan van Huyssteen, JP van Niekerk en Willem van Niekerk
4 Februarie	Leon Barnard, Albert du Plessis, Valerie Pieterse, Sonja Redpath, Nancey Rudolph, Nancy Schoeman en Hannes Vlok
5 Februarie	Dore Grobler
6 Februarie	Phillip de Lange, Heidi Gerber, Berto Kleinhans, Theunis Nortjé, Ernst Stapelberg, Alexander van Eck en Eric Watkins

DANKOFFER

Die eerste 10 maande van ons finansiële jaar is verby en ons kon ons finansiële verantwoordelikhede nakom. Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae. Ons versoek u om steeds die Here met u finansiële offer van dankbaarheid te bly dien. Die dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005

SnapScan